testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## VOORBEREIDENDE EKSAMEN

## 2017

**10732**

**EKONOMIE**

**TWEEDE VRAESTEL**

**TYD:** 2 uur

**PUNTE:** 150

**13 bladsye**

EKONOMIE: Vraestel 2
1073A
10732A

X10
3

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**VOORBEREIDENDE EKSAMEN**

**EKONOMIE**
**(Tweede Vraestel)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 150**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1 Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDBOEK:

- AFDELING A: VERPLIGTEND
- AFDELING B: Beantwoord enige TWEE van die DRIE vrae.
- AFDELING C: Beantwoord enige EEN van die TWEE vrae.

2 Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3 Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4 Skryf die vraagnommer bo-aan elke antwoord neer.

5 Lees die vrae aandagtig deur.

6 Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

7 Laat 2 – 3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8 Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die vereistes van die vrae voldoen.

9 Gebruik slegs blou of swart ink.

10 Jy mag ŉ nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

11 Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Produkte wat presies dieselfde is, staan bekend as ... goedere.

A heterogene
B homogene
C unieke
D gedifferensieerde

1.1.2 Die pryselastisiteit van vraag op die boonste gedeelte van die geknikte vraag-kurwe is meer ...

A onelasties.
B eenheidselasties.
C elasties.
D semi-elasties.

1.1.3 Monopolies sal ŉ ... wins in die langtermyn maak.

A normale
B ekonomiese
C nul
D subnormale

1.1.4 Koste-voordeel-analise is ŉ metode om … te assesseer.

A privatesektor-projekte
B markmislukkings
C staatsprojekte
D eksternaliteite

1.1.5 Toerisme het die grootste effek op die … sektor.

A dienste
B vervoer
C produksie
D vervaardiging

1.1.6 As die behoeftes van die huidige generasie voorsien word sonder om die toekomstige generasie se behoeftes te benadeel, staan dit bekend as …

A bevolkingsgroei.
B ekonomiese groei.
C ekonomiese ontwikkeling.
D volhoubare ontwikkeling.

1.1.7 Die Wêreldberaad oor die omgewing wat in 2014 in Durban gehou was, staan bekend as die…

A Kyoto Protokol.
B COP17.
C Johannesburgse Wêreldberaad oor Volhoubare Ontwikkeling.
D Rio de Janeiro-verklaring.

1.1.8 Die toelaat van afvalstowwe in die omgewing staan bekend as …

A herwinning.
B sanitasie.
C byprodukte.
D besoedeling. (8 x 2) (16)

1.2 Kies ŉ **beskrywing** uit KOLOM B wat by die **item** in KOLOM A pas. Skryf slegs die LETTER (A – I) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Gelykbreekpunt | A Besoek aan ŉ land deur nie-inwoners van die land |
| 1.2.2 Industrie | B Individue kan hulle nie weerhou van verbruik nie |
| 1.2.3 Prysleierskap | C ŉ Koper met genoeg markkrag om die markprys van die produk te beïnvloed |
| 1.2.4 Nie-weiering | D Die algemene prysvlakke toon ŉ volgehoue afname |
| 1.2.5 Deflasie | E ŉ Situasie waar een firma die prys vasstel en die ander dit as die markprys aanvaar. |
| 1.2.6 Inkomende toerisme | F Enige sigbare en volgehoue verandering in die normale weerspatroon |
| 1.2.7 Klimaats verandering | G Besighede wat dieselfde tipe produk produseer |
| 1.2.8 Groenbelasting | H Die punt waar die firma nie abnormale winste maak nie maar slegs normale wins |
| | I Heffings vir die negatiewe effek op die omgewing |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings wat beskryf word. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Die aanbod-kurwe vir hierdie markstruktuur begin waar GVK=MK.

1.3.2 ŉ Markstruktuur waarin ŉ paar verkopers die mark oorheers

1.3.3 ŉ Situasie waar die hulpbronne nie geallokeer kan word om een persoon / groep beter te laat sonder om ŉ ander persoon / groep slegter te laat nie

1.3.4 ŉ Indeks wat pryse van plaaslik vervaardigde produkte meet wanneer dit die produksievloer verlaat

1.3.5 ŉ Brandstof wat van groente-olies, mielies, suiker of koring gemaak word

1.3.6 ŉ Plek wat deur UNESCO gelys word wat van kulturele of fisiese belang is

(6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**


2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem die TWEE markstrukture waar volledige markinligting moontlik is. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoe kan die owerheid die prys van goedere in 'n volmaakte markstruktuur beïnvloed? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MONOPOLIE MARKSTRUKTUUR**




[Aangepas uit: *Internet Prente*]

2.2.1 Identifiseer TWEE hindernisse tot toegang soos deur die spotprent uitgebeeld. (2 x 1) (2)

2.2.2 Watter tipe monopolie word voorgestel in die spotprent? (2)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *monopolie.* (2)

2.2.4 Waarom kan 'n monopolis nie die pryse van sy produk uitermatig hoog maak nie? (2 x 2) (4)

2.3 Lees die volgende uittreksel noukeurig en beantwoord die vrae wat volg.

## VODACOM HET TELKOM SE *FREEME* IN TEIKEN

Vodacom het die eerste operateur geword wat gereageer het op Telkom se aggresiewe nuwe *FreeMe* tarief planne.

Hulle het stilletjies nuwe produkte bekend gestel wat data aan bestaande Sm*art, Smart Top Up en Rooi pakette gee — teen ’n prys — as respons tot die* FreeMe pakette.

Telkom het die data *FreeMe* pakette bekend gestel aan gebruikers wat groot hoeveelhede data en data bondels gebruik met gratis minute, gratis SMSe, gratis sosiale media en ander voordele.

[Vrye Vertaling: *https://www.techcentral.co.za/vodacom-takes-aim-at-telkoms-freeme/67627*]

2.3.1 Wat is *FreeMe* tarriefplanne van Telkom? (1)

2.3.2 Watter tipe kompetisie word uitgebeeld in die uittreksel hierbo? (1)

2.3.3 Waarom het Vodacom besluit om ’n soort gelyke bemarkingstrategie as Telkom bekend te stel? (2 x 2) (4)

2.3.4 Wat anders kon Vodacom doen om hulle kliëntebasis te vergroot? (2 x 2) (4)

2.4 Verduidelik kortliks die *aard van die produkte* onder monopolistiese mededinging. (4 x 2) (8)

2.5 Hoe sal nuwe toetreders in die volmaaktemark die winsvlakke van bestaande besighede beïnvloed? (8)

**[40]**

**VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**

**40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van items wat herwin kan word. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe kan toerisme die omgewing negatief beïnvloed? (1 x 2) (2)

3.2 Lees die volgende berig sorgvuldig en beantwoord die vrae wat volg.

**VERSTEEKTE EDELSTENE – DIE TOEKOMS VAN TOERISME**

Die 2016 TOERISME INDABA – die Versteekte Edelstene Sone, het produkte en dienste van Suid-Afrikaanse Klein, Medium en Mikro-groote ondernemings ten toon gestel. Oor drie dae het hierdie besighede netwerkgeleenthede gehad met kopers uit die uithoeke van die wêreld; werkswinkels was aangebied wat hulle die nodige kennis en gereedskap verskaf het hoe om die mark te betree en hulle kon ook hul stories met die globale media deel.

Die INDABA het spesifiek 70 KMMO's gekies vir hul unieke en oorspronklike ware wat Suid-Afrika uitgebeeld het as ŉ toeriste aantreklikheid tydens die uitstalling. Sowat 20 KMMO's het gefokus op die land se avontuur aktiwiteite.

[Vrye Vertaling: *www.indaba-southafrica.co.za*]

3.2.1 Hoeveel KMMOs was gekies om Suid-Afrika se uniekheid en oorspronklike Suid-Afrikaanse toerismeprofiel uit te stal? (1)

3.2.2 Noem EEN voordeel wat KMMO's geniet het tydens die Indaba. (1)

3.2.3 Watter uitdagings ondervind KMMO's normaalweg in die toerismebedryf? (2 x 2) (4)

3.2.4 Hoe kan KMMO's in die toerisme bedryf die Suid-Afrikaanse ekonomie ontwikkel? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Mense is die enigste wesens in hierdie wêreld wat bome afkap, dan papier van dit maak en dan op dit skryf 'RED ONS BOME'**




**Bewaringstrategieë word gebruik om die ekonomiese gebruik van beide hernubare en nie-hernubare bronne te verseker**

[Bron: *https://za.pinterest.com/pin/551057704378502780/3.3.1*]

3.3.1 Noem EEN voorbeeld van 'n hernubare bron. (1)

3.3.2 Wat, volgens die informasie hierbo, is nodig om ekonomiese gebruik van hulpbronne te verseker? (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die konsep van *bewaring*. (2)

3.3.4 Hoe sal die uitwissing van hulpbronne 'n negatiewe impak op die omgewing hê? (2)

3.3.5 Wat kan gedoen word om die afkap van bome te verminder? (2 x 2) (4)

3.4 Verduidelik kortliks die *heffing vir die gebruik van die omgewing* en die *heffing van omgewingsbelasting* as maatreëls om die omgewing te beskerm. (2 x 4) (8)

3.5 Hoe baat die regering by toerisme in Suid-Afrika? (8)
**[40]**

**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE & KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**


4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Lys enige TWEE omgewings Wêrelderfenisgebiede in Suid-Afrika. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoe kan ŉ produsent in ŉ volmaakte mark sy / haar winsvlakke handhaaf as die markprys daal? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VOLMAAKTE MARK: LANGTERMYN EWEWIG**




4.2.1 Benoem punt A op die grafiek hierbo. (1)


4.2.2 Identifiseer die vraagkurwe in die grafiek hierbo. (1)

4.2.3 Bereken die wins / verlies in die mark hierbo. (4)

4.2.4 Teken ŉ volledig benoemde grafiek om die lang-termyn ewewigsposisie van ŉ volmaakte mededinger te illustreer. (4)

4.3 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TOER IN SUID-AFRIKA? WAT 'n PLESIER!!!**




[Aangepas vanaf**:** *Internet images*]

4.3.1 Watter tipe toerisme word verteenwoordig in die prent? (1)

4.3.2 Noem EEN rede waarom Suid-Afrika so aanloklik is vir toeriste? (1)

4.3.3 Omskryf kortlik die term *toeris.* (2)

4.3.4 Verduidelik *toerisme is goed vir ons besigheid.* (2)

4.3.5 Hoe bevorder inheemse kennis toerisme? (2 x 2) (4)

4.4 Verduidelik kortliks die doelwitte van die kompetisie beleid in Suid-Afrika. (4 x 2) (8)

4.5 Hoekom moet besighede die omgewing bewaar? (4 x 2) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is ʼn lae-kognitiewe antwoord.<br>• ʼn Goeie beginpunt sou wees om die hoofbegrip verwant aan die vraag te definieer.<br>• Moenie enige deel van die vraag in jou inleiding gebruik nie.<br>• Moenie enige deel van jou inleiding herhaal in die liggaam nie.<br>• Voorkom om in die inleiding te sê wat jy gaan bespreek in die liggaam. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>• **Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede / Ondersoek / Bespreek krities / Ontleed (Analiseer) / Vergelyk / Evalueer / Onderskei / Verduidelik | Maks. 26 |
| • **Addisionele gedeelte:** Gee eie mening / Bespreek krities / Evalueer / Evalueer krities / Teken ʼn grafiek en verduidelik / Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik / Voltooi die gegewe grafiek / Bereken / Lei af / Vergelyk / Verduidelik / Onderskei / Interpreteer / Debatteer kortliks / Hoe? / Stel voor | Maks.10 |
| **Gevolgtrekking**<br>Enige relevante hoër orde gevolgtrekking wat die volgende insluit:<br>• ʼn Kortlikse opsomming van wat bespreek is / geanaliseer is sonder ʼn herhaling van feite wat reeds in die liggaam genoem is<br>• ʼn Opinie of waarde-oordeel van die feite bespreek<br>• Addisionele informasie om die bespreking te ondersteun / analiseer<br>• ʼn Kontroversionele standpunt met motivering, as benodig<br>• Aanvbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

*"Adam Smith het verklaar dat die denkbeeldige hand die ekonomie sal beheer. Maar in realiteit is dit nodig dat die regering inmeng."*

- Bespreek volledig die implementering van die volgende aspekte as deel van die owerheid se inmenging as ŉ gevolg van markmislukking. Gebruik volledig benoemde grafieke in jou bespreking:

  – Belasting (13 punte)
  – Maksimum pryse (13 punte) (26 punte)

- Hoekom is dit nodig om ŉ nasionale minimum loon in Suid-Afrika in te stel?
(10 punte) **[40]**

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**
**40 PUNTE – 40 MINUTE**

*"Inflasie is die enigste mensgemaakte ekonomiese mag wat alleenlik die mens se skuld is."*

- Bespreek volledig die oorsake van vraag-trek inflasie. (26 punte)

- Hoe suksesvol is die fiskale beleid as maatstaf om inflasie te beveg. (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**